

'N KWARTEEU OUD: DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA, 1956—1981

P.H. Kapp

Randse Afrikaanse Universiteit

Op 11 Februarie 1981 is dit presies vyf-en-twintig jaar sedert die Historiese Genootskap van Suid-Afrika op 'n konferensie in Pretoria gestig is. Daardeur is die eerste gekonsentreerde en georganiseerde poging om die studie van die Vaderlandse Geskiedenis in Suid-Afrika te bevorder, van stapel te stuur. Dit is vreemd dat so 'n organisasie op só 'n late stadium eers gestig is, want die historiese bewussyn van die Afrikaner t.o.v. sy volksgeskiedenis is só diep gewortel dat 'n mens by 'n studie van die geskiedenis van die Afrikaner voortdurend daarvan intens bewus is. Dat hierdie bewussyn 'n sterk politieke ondertoon gehad het, is te begrype omdat die Afrikaner in sy kultureel-politiese verzet teen die moontlikheid van verswelging in 'n Anglo-Saksiese stroom, dít aangegryp het wat hy gehad het om sy volkslewe te anker: sy Protestantse godsdiens, sy taal en sy geskiedenis. Getuie hiervan is die rol wat geskiedenisvertellinge en historiese voorstellinge van vroeg af op volksfeeste, debatsbyeenkomste en kultuur-aande gespeel het.¹⁾ Met eindelose geduld het mense ure aanmekaar gesit en luister na oumense se herinneringe en na die "historiese toespraak" wat die geskiedenis geselekteer het tot dit wat die hoorders graag wou hoor, "de herinneringen aan de eindelose angsten en reddingen in deze eeuw"²⁾. 'n Verhaal van lyding, swaarkry en onderdrukking is in dik swart kwasstrepe geteken en as die Britse optrede, die grensoorloë, die droogtes en die runderpes nie genoeg opgelewer het nie, is daar teruggegryp na Slagtersnek en na die vervolging van die Franse Hugenote in Frankryk. Die geskiedenisvertellinge was byna melodramaties ernstig, die gehoor emosioneel diep betrokke want uit die verlede moes die inspirasie vir die politiek-kulturele stryd van die dag kom en moes die aanspraak van die Afrikaner op sy regte bevestig word. Die volk was intens betrokke by sy geskiedenis.

Van vroeg af het daar dan ook stemme opgegaan dat die onderrig van Vaderlandse Geskiedenis 'n te geringe plek inneem.³⁾ In Transvaal is reeds in 1908 besluit dat by 'n hersiening van die leerplanne 'n regmatige plek aan Geskiedenis as vak gegee sou word. Die groot geskilpunt het egter gegaan oor die vraag wat die verhouding tussen die Vaderlandse en Algemene Geskiedenis moet wees, aangesiendie *Kristelike Schoolblad* eersgenoemde oorwegend wou maak, en die *Educational News* laasgenoemde.⁴⁾ Die aard en inhoud van die geskiedenisleerplanne het dus uit die staanspoor gestaan in die teken van die botsing tussen Suid-Afrikaanse nasionalisme en Britse imperialisme.⁵⁾

Die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst het hom sedert sy ontstaan op 2 Julie 1909 ook vir die Vaderlandse geskiedenis beywer,⁶⁾ maar nooit tot 'n formele organisasie vir die taak oorgegaan nie.

Die FAK wat in 1929 gestig is, en die talle kultuurorganisasies wat daarna gevolg het, het hulle op een of ander wyse vir die geskiedenis van die Afrikaner beywer of

1) Vgl. P.H. Kapp: *Ons Volksfeeste*, p. 57 e.v.

2) G.A.A. Middelberg: *Briewe uit Transvaal* (ingelei en toegelig deur F.J. du T. Spies), p. 48. Johannesburg, 1953.

3) Vgl. *De Volksstem* 4 Oktober 1888, en *De Zuid-Afrikaan* en *Volksriend*, 6 en 8 Mei 1890.

4) *De Volksstem* 6 November 1908.

5) Vgl. *De Volksstem* 4 Augustus 1908 en 29 September 1908.

6) L.H. Claassen: Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, p. 222 (MA-verhandeling, 1977).

daarby noue aansluiting gevind soos blyk uit die talle feeste, monumente en byeenkomste van geskiedkundige aard wat deur hulle gereël, opgerig of aangebied is. Selfs die klimaksjaar 1938 met sy belangrike naweë op politieke, ekonomiese, kulturele, sosiale en opvoedkundige terrein het nie tot enige besondere ontwikkeling ter bevordering van Geskiedenis as vak gelei nie, hoewel dit tot heelwat publikasies aanleiding gegee het. In besonder moet vermeld word die totstandkoming van die tydskrif HISTORIESE STUDIES aan die Universiteit van Pretoria onder redaksie van prof I.D. Bosman. Die eerste nommer het in Julie 1939 verskyn, en die uitgesproke doel van die tydskrif was om hom vir die studie van die Vaderlandse Geskiedenis te beywer deur as 'n publikasiemedium vir wetenskaplike werke te dien. Terselfdertyd was dit ook die mondstuk van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika wat in dieselfde jaar gestig is. HISTORIESE STUDIES het uiteindelik in April 1949 doodgeloop en vir die volgende aantal jare was daar geen vaktydskrif in Suid-Afrika om die bekendstelling van historiese navorsing te behartig nie.

Die hoogbloeï wat die belangstelling in Geskiedenis as skoolvak in die besonder, maar ook as bron van volksmotivering oor die algemeen, in die dertiger- en veertigerjare geniet het, het in die vyftigerjare begin kwyn. Dit is asof die Vaderlandse Geskiedenis sy greep op die Afrikaner begin verloor het — daar is gesoek na soortgelyke opwinding en massabelewing as wat in 1938 met die Ossewatrek en die Voortrekkereuefees en in 1949 met die inwyding van die Voortrekkermonument bereik is. Dit is asof ver wag is dat Geskiedenis voortdurend die volk moes aanspreek, hom op sy tone en die vlam van nasionalisme brandend moes hou om hom só tot groter inspanning, hoër waardes en edeler idealisme aan te vuur. Toe dit in die veranderinge van die vyftigerjare nie gebeur nie en dit lyk of die emosionele betrokkenheid by die volksverlede begin taan, is na aksie en doelgerigte optrede gesoek.

In die geleedere van die Transvaalse Onderwysersvereniging veral het kommer oor die belangstelling in en die wyse van aanbieding van die Vaderlandse Geskiedenis begin groei. In die Geskiedeniskomitee van die T.O. Kongres van Maart/April 1954 is hieroor gepraat, en weer by die T.O.D. se Geskiedeniskomitee in Augustus 1954. Maar praat en doen lê baie mannekrag uitmekaar en dit het mense met energie, ondernemingsgees en werkywer gevra om tot optrede oor te gaan. Baie mense kan oor 'n saak entoesiasties raak. Min het die dissipline, die wilskrag en die deurstellingsvermoë om dit tot praktiese resultaat te voer. Dit is wat die klein Gideonsbende o.l.v. dr J.J. van Tonder van al die ander praters onderskei het. As inspekteur van skole en 'n kultuurmens met 'n grenslose entoesiaste vir Geskiedenis,⁷⁾ het dr. Van Tonder gedurende 1953 diep onder die indruk gekom van ernstige leemtes en behoeftes op die gebied van geskiedenisonderrig. Vir sy borrelende gees was die aanskouing van 'n ongeïnspireerde les in Geskiedenis waar die leerlinge belangeloos na 'n futlose poging luister, 'n dolk in die hart. Daar was soveel geleenthede en moontlikhede om die vak aktueel, lewend en boeiend te maak wat as gevolg van die onkunde van die onderwyser onbenut gebly het.⁸⁾ Daar was soveel wat die Onderwysdepartement kon doen om dié moontlikhede te ontgin. Intussen het die leerlinge se belangstelling om Geskiedenis tot matriek te neem, afgeneem en daarmee is hulle die lewe ingestuur met weinig begrip van die wêreld waarin hulle lewe, van hulle eie plek en identiteit in daardie lewe en van hulle verankertheid aan 'n volksboom wat die lewe dra, en het hulle as minder

7) Kyk F.A. van Jaarsveld: Dr J.J. van Tonder, die Stigter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. *Historia* 21/2, Sept. 1976, pp. 91—99.

8) RAU Argief: Persoonlike herinneringe van dr Van Tonder; J.J. van Tonder versameling Band 29/37 lëer 217.

goed toegeruste burgers en burgeresse hul plek moes volstaan in 'n land met baie uitdaginge en probleme. Die dringende pleidooi van toegewyde onderwysers vir hulp en leiding het dr Van Tonder aangespreek. Onderwysers is genooi om op twee agtereenvolgende Saterdag 11 en 18 September 1954 — by die Voortrekker Hoërskool in Boksburg byeen te kom. Die stoutste verwagtings is oortref toe meer as 300 onderwysers by elk van die geleenthede teenwoordig was en probleme en behoeftes openhartig bespreek is.

Dit was spoedig duidelik dat hierdie probleme en behoeftes nie in isolasie hanteer kon word nie, maar dat almal wat by Geskiedenis gemoeid is, of daarin belangstel, betrek moes word. Die ooreenstemming in metode van optrede met dié van die taalmeesters tussen 1890—1910 wat op die stigting van die Akademie uitgeloop het, is opvallend. Entoesiasme is opgewek, met knaende volharding is by mense om steun aangeklop en vir publisiteit gesorg.

Aanvoorwerk vir die stigting van die Genootskap het begin met 'n gesprek tussen drie lede van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria — prof A.N. Pelzer, dr F.J. du T. Spies en dr. T.S. van Rooyen — en dr Van Tonder in die tuin van mnr H. Malan in Menlopark in 1955. Dàar is besluit om 'n groot nasionale konferensie oor die posisie van Geskiedenis in 1955 in Pretoria te hou met die oog op die stigting van 'n vereniging. Die kernkomitee het ook 'n voorlopige grondwet opgestel en die naam Historiese Genootskap van Suid-Afrika daarin gebruik.⁹⁾

Die konferensie sou in 1955 gehou word, maar as gevolg van dr Van Tonder se verplasing na Johannesburg en 'n operasie wat hy moes ondergaan, is dit uitgestel tot 11 Februarie 1956. Dr Van Tonder het talle onderwysers persoonlik genader om die konferensie by te woon terwyl die geskiedenisdosente van UP universiteits- en kollegetosente betrek het. Die entoesiasme was wydverspreid en op dié dag het 400 mense in die Pretoriase stadsaal vergader. Enersyds het hulle kommer oor die stand van Geskiedenis as vak uitgespreek veral omdat die gevaar bestaan het dat die vaderlandse liefde kan kwyn weens die dalende getal leerlinge wat Geskiedenis as vak tot in matriek geneem het. Andersyds het hulle bereidwilligheid verklaar om iets daadwerkliks te doen om die waarde en betekenis van die vak by almal tuis te bring. Die gevoel word weerspieël in sterk uitsprake van vooraanstaande persone wat die konferensie bygewoon het. Dr Wim Nicol, Administrateur van Transvaal, kon die konferensie nie persoonlik bywoon nie maar 'n bandopname van sy toespraak is voorgespeel waarin hy gewys het op die dringendheid om Geskiedenis weer gewild te maak. Die burgemeester van Pretoria, raadslid Seymore, het die doel van die onderrig van Geskiedenis gesien as die aankweek van "liefde vir ons eie land" en "egte nasie-trots". Geskiedenis behoort alleen doseer te word deur 'n egte "patriot". Geen melding is van die talle intellektuele en ander geesteseienskappe en vaardighede wat Geskiedenis bevorder, gemaak nie. Trouens die groot waarde van die vak om mense se uitkyk op die lewe en die wêreld te verruim, het nie aandag geniet nie. Dit was duidelik dat dit by die aanwesiges uitsluitlik om die Vaderlandse Geskiedenis gegaan het. 'n Groter visie was afwesig en dié gevaar van verarming is nie bespreek nie.¹⁰⁾ Die feit dat die Direkteur van Onderwys en een van die referente, dr A.H. du Preez van Wyk, 'n geskiedkundige was, het waarskynlik veel tot die entoesiasme bygedra. Op voorstel van F. Robbertse van die Ventersdorpse Hoërskool is selfs besluit om 'n afvaardiging na die Direkteur van

9) Van Tonder-versameling band 29/36 lêer 216.

10) Kyk opsomming van bespreking op konferensie in Van Tonder-versameling band 29/36 lêer 216.

Onderwys en die Administrateur van Transvaal te stuur om te vra dat R20,000 p.j. afgesonder word vir die bevordering van Geskiedenis! Dié idealistiese entoesiasme het op die sandbank van finansiële realiteite vasgeloop.

Dit is opvallend hoeveel nie-onderwysmense by die stigtingskonferensie teenwoordig was. Mense soos adv G.F. de Vos Hugo, M.C. de Wet Nel LV en latere Volksraadslede soos dr J.C. Otto en mnr Willem Cruywagen. Van die stigterslede sou ook later diep spore in die onderwys trap. Mnr A.J. Koen, toe hoof van die Hoër Seunskool Helpmekaar in Johannesburg, het later Direkteur van Onderwys geword, prof A.N. Pelzer later Vise-Rektor van UP en prof J.S. du Plessis Vise-Rektor van die PU vir CHO.

Op voorstel van prof Pelzer is in beginsel besluit om tot die stigting van 'n historiese vereniging oor te gaan en 'n voorlopige komitee aan te wys om 'n stigtingskonferensie te belê, 'n grondwet op te stel en 'n tydskrif uit te gee. Dr Van Tonder is as sameroeper aangewys terwyl die ander lede van die voorlopige komitee 'n goeie deursneë-verteenvoording van universiteite, kolleges, hoër- en laerskole en belangstellende publiek verseker het. Van universitêre kant was prof A.N. Pelzer, dr T.S. van Rooyen, prof C.F.J. Muller en dr J.S. du Plessis op die komitee; van kollege-kant die here Van der Walt en Meyer, terwyl H. Stander, J.C. Otto, A.J. Koen en dr J.L. du Plooy die hoër- en laerskole verteenwoordig het. Dr J.H. Breytenbach van die Staatsargief, adv G.F. de Vos Hugo en mnr M.C. de Wet Nel het die res van die komitee gevorm.

Die komitee het sy werk met ywer aangepak en 'n voorlopige redaksie is reeds op 24 Februarie 1956 benoem om met die voorbereiding vir die tydskrif te begin. Die formele stigtingskonferensie is op 24 Maart 1956 by UP gehou waar die eerste bestuur soos volg saamgestel is: Dr J.J. van Tonder (Voorsitter), prof A.N. Pelzer (Ondervoorsitter), D.J. Nell (Sekretaris), J.L. du Plooy (Peningmeester), S.J. Venter, C.J.J. Reyneke, adv G.F. de Vos Hugo, dr J.S. du Plessis en mev Kotie Roodt-Coetzee. Prof Pelzer het as redakteur van HISTORIA opgetree, bygestaan deur dr J.S. du Plessis en 'n uitgebreide redaksie wat verteenwoordigers van hoër- en laerskole en die Staatsargief ingesluit het. Die ideaal was om soveel mense uit soveel groepe as moontlik aktief by die Genootskap te betrek sodat dit nie 'n eksklusiewe aksie van enkelinge sou wees nie.

Dit was hoë ideale en groot entoesiasme waarmee die Genootskap begin is. Uit die staanspoor is 'n breë werksterrein afgebaken en is besluit dat die Genootskap die bymekaarkomplek van skool, kollege, universiteit en alle ander belanghebbendes by Geskiedenis, in besonder die Argief en die Museum, moes wees.

Wat op die verskillende terreine bereik is, is moeilik om presies te bepaal. Dat veel bereik is, blyk uit die volgende ontleding:

1. *Struktuur en organisasie*

Die Genootskap is as 'n nasionale organisasie gestig met die beperkende doel om hom vir spesifiek die Vaderlandse Geskiedenis te beywer en om te dien as die belangrike integrator van die beoefening en dosering van Geskiedenis op alle vlakke, van die laerskool tot die universiteit, van die argief en museumbeampte tot die diletant en belangstellende. Dit was van die begin af 'n tweetalige organisasie en moeite is gedoen om Engelssprekende referate by die eerste byeenkoms te betrek. Hoewel Engelssprekendes altyd betrokke was en daar nougeset op gelet is dat omsendskrywes in albei landstale uitgestuur is, het dit in die praktyk 'n oorwegend Afrikaanse organisasie gebly wat ook by die FAK geaffilieer het. Daar was gevoeligheid van

Engelssprekende kant oor hierdie saak, soos blyk uit pogings wat aangewend is om Engelssprekendes tegemoet te kom.¹¹⁾ Engelssprekende individue het aktief gebly in die Genootskap, veral in die latere Natalse Afdeling. Een van die Natalse lede, G.A. Chadwick, het na dr Van Tonder se aftrede in 1975, voorsitter geword. Die Engelse onderwysers en onderwyskringe is egter nooit op grootskaal betrek nie, waarskynlik vanweë verskille in sieninge oor die geskiedenis wat juis in 1956 tot 'n heftige polemieks in koerante gelei het.¹²⁾

Hierdie wedersydse gesindheid het weer in 1962 openbare aandag geniet met E.E. Auerbach se kritiek op Afrikaanse skoolhandboeke en die vermeende verskille in die aanbieding van sekere gedeeltes van die geskiedenis aan Afrikaanse en Engelse skole.¹³⁾ Koerante soos *The Sunday Times*, *The Rand Daily Mail* en *The Star* het die saak wye en dikwels onbillike publisiteit gegee, wat tot openbare reaksie gelei het. Vir die eerste en enigste keer het die Historiese Genootskap sy mondstuk vir 'n historiese polemieks beskikbaar gestel toe albei kante die geleentheid gebied is om hulle saak te stel.¹⁴⁾ Afrikaanse skrywers en onderwysers is van "sinistère motiewe" en "nasionalistiese propaganda" beskuldig. In 'n poging om die kloof te oorbrug is, met die klaarblyklike goedkeuring van die Historiese Genootskap, op 24 Mei 1963 die Kleio Studiegroep gestig bestaande uit dosente van die Johannesburg College of Education en Unisa. Die doel van die studiegroep was om beter wedersydse begrip oor omstrede gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat tot teenstrydige interpretasies lei, te bewerkstellig in die hoop om 'n beter gesindheid te skep. Blykbaar is net een byeenkoms van hierdie studiegroep op 24 Augustus 1963 gehou.¹⁵⁾ Tot groter betrokkenheid van Engelssprekendes by die Genootskap het dit nie gelei nie.

Die eerste grondwet van die Genootskap het lidmaatskap nie tot blankes beperk nie, hoewel so 'n bepaling later ingevoeg is. Die kongresse was egter net vir blankes, maar dit was die uitgesproke doel van die Genootskap om ook kongresse vir nie-blankes te hou,¹⁶⁾ iets wat nooit gedoen is nie.

Die hart van die Genootskap was sy kongresse, die eerste waarvan van 4 tot 5 Oktober 1956 in die Voortrekkergedenksaal in Pretoria gehou is. Hierdie kongresse is jaarliks op verskillende plekke gehou, en het gewoonlik oor twee dae gestrek met 'n ledevergadering tydens die kongres. Referate van hoogstaande gehalte oor veral die posisie van Geskiedenis as vak, is gelewer. Daar is doelbewus na groot betrokkenheid gestrewe, daarom dat daar, gewoonlik op 'n Vrydagaand, 'n volledige program van historiese voorstellings deur skoolkinders, kore en dramastudente van universiteite aangebied is. Uitstallings van boeke en oudhede het ook altyd met hierdie byeenkomste gepaard gegaan.

Streekskonferensies oor die bevordering van die vak is gereeld gehou soos dié op Stellenbosch in 1964 en 1969 en in Bloemfontein, Bethlehem en Welkom in 1964. Deur hierdie streekskonferensie is honderde onderwysers betrek wat aan die Genootskap aansien en invloed verleen het. Dit is moontlik gemaak deur die verandering in die struktuur van die Genootskap van 'n uniale na 'n federale struktuur met provinsiale afdelings wat elk selfstandig kon optree. Die Kaaplandse en Vrystaatse afdelings

11) Vgl. korrespondensie in Van Tonder-versameling 29/37 lêer 219.

12) sien byvoorbeeld *The Sunday Times* 8.4.56 (hoofartikel) en 20.5.56, p. 15, k.7 (Lecturers say History should be objective); *Rand Daily Mail*, 25.6.56, p. 11 (History Tuition on racial terms); *The Star* 21.5.56 (hoofartikel), *Die Transvaler* 14.2.56 (hoofartikel).

13) F.E. Auerbach: *The Power of prejudice in South African Education*. A.A. Balkema, Kaapstad, 1965.

14) *Historia* 7/4, Desember 1962, pp. 228–236.

15) *Historia* 8/3, September 1963, p. 148; Van Tonder-versameling, band 29/12, lêer 70, omsendbrief.

16) Van Tonder-versameling band 29/37 lêer 218, omsendbrief 27.

het die steun van hulle onderwysdepartemente vir die hou van streekkonferensies verkry wat die sukses daarvan verseker het.

Die federale struktuur het in 1962 tot stand gekom. Aanvanklik was die bedoeling dat die Genootskap deur middel van takke wat oral gestig sou word, moes funksioneer. Takke is by die Onderwyskollege in Pretoria, (1956), in die Vrystaat (1957), te Schweizer-Reineke (1958), in Kaapstad (1958), Krugersdorp (1959), Louis Trichardt, Stilfontein, Sannieshof (1963) en ander plekke gestig. Opvallend is die groot rol wat predikante in hierdie stigtings gespeel het. Dit het egter spoedig duidelik geword dat takstigting, en veral takaktivering, 'n baie moeilike saak was. Politieke partye, kultuurrade en kerkrade het almal op 'n gedentraliseerde basis gefunksioneer en die vraag het ontstaan of dit billik is om die Historiese Genootskap met hierdie organisasies om belangstelling en werkkragte te laat meeding. Reeds in 1958 is hierdie probleem indringend bespreek en die hoofbestuurslede se verslae het almal getuig van passiwiteit en van kunsmatigheid in die stigting van takke.¹⁷⁾ Tog is besluit om voort te gaan en is eers in 1962 'n wysiging aangebring toe provinsiale besture met 'n federale hoofbestuur bestaande uit verteenwoordigers van die provinsiale besture, tot stand gekom het. Provinsiale besture is in al vier provinsies en SWA georganiseer, terwyl takstigting steeds voortgegaan het, maar nou nie meer 'n lewensnoodsaaklikheid geword het nie. Sommige lede wou alle plaaslike historiese verenigings laat affilieer, maar daarvoor het daar nooit juis groot entoesiasme by òf die hoofbestuur òf die plaaslike verenigings bestaan nie.

Algaande het die Genootskap sy karakter as bymekaarkomplek vir al die betrokkenes by Geskiedenis begin verloor. Van die provinsiale afdelings het begin kwyn toe die aanvanklike stigters nie meer die leidende rol gespeel het nie. Van die invloedryke historici het hulle begin onttrek omdat die Genootskap nie aan hulle verwagtinge voldoen het nie, miskien omdat die klem na hulle oordeel te veel op skoolbelange geplaas is. In 1965 is die Historiese Vereniging vir professionele historici gestig, die "universiteitsvereniging" soos dit dikwels genoem is. Hoewel leidende figure van die Historiese Genootskap by die stigting van hierdie vereniging in Bloemfontein betrokke was, en hulle geen botsing of kompetisie tussen die Genootskap en die Vereniging voorsien het nie, het dr Van Tonder die stigting van die Vereniging as 'n terugslag en 'n teenvoeter vir die Genootskap gesien. Met sy kenmerkende ywer en entoesiasme het hy universiteitsdosente opgeroep om hulle gewig by die Genootskap in te werp.¹⁸⁾ Sommige het voortgegaan om beide die Genootskap en die Vereniging te dien, terwyl ander hulle heeltemal van die Genootskap losgemaak het.

Ook die Akademie en die FAK het mettertyd 'n eie Geskiedeniskommissie en Komitee vir Geskiedenis onderskeidelik in die lewe geroep, eersgenoemde juis vanweë sy samewerking met die Genootskap ter bevordering van Geskiedenis as verpligte vak op skool.¹⁹⁾

Tydskrif

Die eerste uitgawe van HISTORIA in sy bekende formaat het reeds in Junie 1956 verskyn en spoedig is dit in 'n kwartaalblad omskep. Die doel met die tydskrif is gestel as die bevordering van die "belange van geskiedenis in die ruimste sin". Daarom sou "afsonderlike rubrieke met die behoeftes van die laerskoolkind, die

17) Vgl. notule van 15 November 1958 in Van Tonder-versameling band 29/37 lêer

18) Sien korrespondensie Van Tonder-versameling band 29/42 lêer 254.

19) Ibid., band 29/17 lêer 89.

leerling op die middelbare skool en die student" verskyn en sou aan onderwysers en dosente die geleentheid gebied word om "beskouings in verband met die metodiese benadering van die vak" bekend te stel. Inligting en voorligting sou aan skoolkinders gebied word en leerlinge sou "aangemoedig word om self bydraes te lewer." Daarbenewens wou die tydskrif ook streng wetenskaplike diepte-artikels gebaseer op oorspronklike argivale navorsing publiseer, die museumwese bevorder en nuwe historiese literatuur bekendstel. Herinneringe van ou mense wat besondere historiese gebeure deurleef het, sou in die tydskrif opgeneem word, om te verseker dat dit nie verlore gaan nie. Die tydskrif was vir albei landstale bedoel en die redaksie was bereid om artikels selfs in Nederlands, Duits en Frans te publiseer.²⁰⁾ Vir die tydskrif en die Genootskap was die primêre doel die bevordering van die Vaderlandse Geskiedenis en hierdie inperking van terrein is onomwonde in art. 2.1 van die grondwet gestel. Dit is dan ook teen hierdie agtergrond dat die werksaamhede van die tydskrif beoordeel moet word.

Aan die breë doelstellings van die tydskrif en die Genootskap is vanaf die eerste uitgawe ernstige aandag gegee. Danksy die bydraes van onderwysers en onderwysleiers is heelwat artikels wat van direkte waarde vir die leerling en die leerkrag was, gepubliseer. Museumwese en ander belange soos byvoorbeeld die pleidooi dat die Krugerhuis op Boekenhoutfontein aangekoop en bewaar moes word, het reg van die begin af aandag gekry, terwyl artikels op diepte-navorsing gebaseer, maar met temas wat vir skoolleerplanne van direkte belang was, ook gepubliseer is. Die tydskrif het 'n baie belowende balans gehandhaaf.

Dat dit 'n veeleisende opdrag was om alle belange, van die laerskool tot die gesoute vakman, te dien, is begryplik. Daarom het 'n tweede beperkte tydskrif vir leerlinge se bydraes, *HISTORIA JUNIOR*, in Februarie 1957 sy verskyning gemaak. 'n Prysgeld van R10 vir die beste artikel deur 'n leerling in elke uitgawe is aangebied en daar is gesorg dat hierdie wenners wye publisiteit ontvang. Danksy dr Van Tonder se invloed in onderwyskringe is artikels vanoor die hele land gestuur en al was die bladsy-uitleg en die tipografie oninspirend, is die blad baie wyd in skole gebruik en het hy op die hoogtepunt van sy bestaan 9000 intekenare gehad teenoor die maksimum van 1500 vir *HISTORIA*.

Geleidelik het die klem in *HISTORIA* begin verskuif weg van die leerling en leerkrag se behoeftes na alhoemeer gespesialiseerde eng-wetenskaplike artikels en het bydraes van onderwysmense, uitgesonderd referate wat by kongresse gelewer is, begin kwyn. Dit het alhoemeer universiteitsmense en nagraadse studente geword wat die tydskrif gevul het, terwyl die didaktiek-artikels alhoemeer plek gemaak het vir filosofies-metodologiese vraagstukke. Uit die oogpunt van die onderwys gesien was dit 'n jammerte dat streng gehou is by die beleid om nie artikels oor Algemene Geskiedenis te publiseer nie, waardeur waardevolle geleenthede vir verdieping van die leerplan in die klaskamer, verlore gegaan het. Dat daar minder belangstelling van onderwyskant gekom het, blyk uit die skerp daling in intekenare tot so laag as 487 in Julie 1978.

Die ondernemingsgees van die stigters was so sterk dat hulle nie vir die finansiële probleme verbonde aan só 'n onderneming teruggedeins het nie. Reeds op die Februarie 1956-byeenkoms is in beginsel besluit dat van elke hoërskool 'n jaarlikse bydrae van R10 en van laerskole R2 gevra sou word om die koste van die tydskrif te

20) *Historia* 1/1 Junie 1956 (Van die redaksie), pp. 3-4.

21) Vir dié memorandum sien Van Tonder-versameling band 29/17 lêer 89.

dek. Daar is ook onmiddellik by die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap om finansiële steun aangeklop, maar hier het die Genootskap voor 'n toe deur te staan gekom. Dit was eers toe een van die stigterslede van die Genootskap, M.C. de Wet Nel, Minister van dié departement geword het, dat 'n jaarlikse toekenning van R1000 in 1959 gemaak is wat in 1966 na R2000 verhoog is. Danksy die steun van die Rembrandt Tabakmaatskappy en 'n gemiddelde advertensie-inkomste van R250 p.j. kon die tydskrif gereeld verskyn hoewel die buitengewone styging in drukkoste meegebring het dat die tydskrif sedert 1974 net twee keer per jaar verskyn het.

3. *Geskiedenis as verpligte vak tot matriek*

Die grootste enkele saak waarvoor die Genootskap hom onder dr Van Tonder se leiding beywer het, is dat Geskiedenis as verpligte vak tot matriek erken moes word. Dit was sy oortuiging dat alle leerlinge tot matriek drie verpligte vakke moes hê: Afrikaans, Engels en Geskiedenis. Met Geskiedenis het hy veral die Vaderlandse Geskiedenis bedoel want dit moes van die leerlinge patriotiese, positief-gemotiveerde burgers maak. Daar is min ander sake wat hy met soveel deursettingsvermoë en volharding aangepak het. Wyd en syd het hy mense gemobiliseer. Die kerke, die universiteite, onderwyshoofde, die FAK en die Akademie is gevra om hulle uit te spreek ten gunste van Geskiedenis as verpligte vak. Deur die Genootskap se toedoen het die FAK 'n kongres (1964) en die Akademie 'n konferensie in 1968 oor Geskiedenis gehou en is die saak selfs op Sinodes en in kerkblaaië bespreek en gesteun. Die Nasionale Party van Transvaal het in 1963 op sy jaarkongres steun toegesê asook die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en die ATKV in 1965. Male sonder tal is op kongresse van die Genootskap besluite in dier voege aangeneem.

Deur die toedoen van die Genootskap is 'n uitgebreide memorandum oor die rol en plek van Geskiedenis in die onderwysprogram in 1965 deur proff A.G. Coetzee, en J.J. Snyman en J.S. du Plessis opgestel en aan alle onderwyshoofde gestuur. 'n Onderhoud is met die Minister van Onderwys, senator Jan de Klerk, oor die saak gevoer waarin baie sterk beklemtoon is dat Geskiedenis die enigste vak is waardeur al die algemene doelstellings van die onderwys gelyktydig bereik kan word.²²⁾

Invloedryke steun het gekom van die rektor van Stellenbosch, prof H.B. Thom, wat hom by meer as een geleentheid in die openbaar uitgespreek het ten gunste van Geskiedenis as verpligte vak vir alle leerlinge "ter wille van hulleself en ter wille van die land waarin hulle woon en die volk waartoe hulle behoort".²²⁾ Dr Van Tonder het elke jaar 'n vergelykende studie gemaak van die getal leerlinge wat Geskiedenis tot matriek neem om aan te toon hoedat die persentasie steeds afneem. Sy vurige pleidooie vir die vak het skoolhoofde wat die vak nie simpatiek was nie, nie gespaar nie. Skoolhoofde is bereid om ongekwalifiseerde, onentoesiastiese en swak gemotiveerde onderwysers die vak te laat aanbied, het hy verklaar. Omdat hulle die vak nie werklik beheers nie, val hulle terug op feite ter wille van die feite en word die vak só 'n dooie vak gemaak.

Die leerplanne en die onderrig van Geskiedenis was ook voortdurend by die Genootskap onder die vergrootglas. Leerplanne wat oorlaai is met massa-gegewens wat die onderrig 'n gejaag teen tyd en 'n toets van die onderwyser se inpropdidaktiek maak, is gekritiseer. In 'n poging om belangstelling by leerlinge te stimuleer, is met behulp van 'n toekenning van Voortrekkerpers 'n prys van R100 p.j. aangebied vir die leerling wat in die eindeksamen die beste in Geskiedenis vaar. Die eerste pryswenner

22) *Historia* 18/4, Desember 1975, p. 221.

op grond van die 1956-eksamen was Irene Dormehl van die Afrikaanse Hoërskool in Germiston wat sewe onderskeidings in matriek behaal het. Sy het haar studies in die natuurwetenskappe, in besonder in die kernfisika, voortgesit.

Dagbreekpers het ook 'n eenmalige skenking van R250 gemaak wat gebruik gebruik is vir prysvrae vir voorgraadse studente en hoërskoolleerlinge. Vir twee jaar is 4 pryse van R20 elk vir studente en 4 van R10 elk vir leerlinge aangebied.

Dit is miskien ironies dat die sterkste openbare uitspraak teen Geskiedenis as verpligte vak, moes kom van een van die stigterslede van die Genootskap. As adjunk-direkteur van onderwys het dr A.J. Koen in 1961 op die jaarvergadering van die Transvaalse Afdeling verduidelik dat dit onmoontlik is om naas die landstale nog vakke verpligtend te maak. Die aanleg van leerlinge moet die deurslag gee, het hy gesê, en daarom is dit die vakonderwyser in die eerste en laaste plek wat die leerlinge vir die vak moet wen.²³⁾

Met die instelling van gedifferensieerde onderwys is die posisie van Geskiedenis verder verswak. Die Genootskap kon sy doel nie bereik nie. Al wat verseker kon word, is dat Geskiedenis as verpligte vak tot st. 7 sou geld. Die Genootskap se oorspronklike veldtog teen die vak Sosiale Studie wat in 1955 ingestel is waardeur Geskiedenis as selfstandige vak in die sekondêre fase verdwyn het, is met sukses bekroon toe Geskiedenis in die laat sestigerjare uiteindelik in ere herstel is.

4. *Ander Werksaamhede*

Die Genootskap se aktiwiteite t.o.v. Geskiedenis as skoolvak het weliswaar alle ander aktiwiteite oorskadu, maar tog was die Genootskap op ander gebiede ook aktief. Die museumwese het besondere aandag gekry veral omdat dit van regstreekse belang vir die onderwys kon wees. Skole en takke is aangemoedig om oudhede te versamel. Vertoë is gereeld tot die onderwysdepartemente gerig om Africanakamers en toegeruste geskiedenisklaskamers te voorsien. Skoolmuseums soos dié by Dealeside, is aangemoedig. Plaaslike takke het hulle ook vir museums beywer soos dié wat op Vereeniging en Heidelberg ingerig is. 'n Mobiele museum om skole te besoek, is bepleit en die Genootskap het hom op energieke wyse beywer vir 'n opelug-kultuur-historiese museum in Pretoria. Gereelde vertoë is tot die staat gerig om die kultuur-historiese afdelings van museums as selfstandige museums af te skei van die natuurkundige museums. Meer personeel en geld vir kultuurhistoriese museums en die inskakeling van museums by skoolonderrig is bepleit. Die Genootskap was nie die enigste liggaam wat hierdie dinge bepleit het nie, maar dit behoort tot sy krediet dat hy gehelp het om belangrike verbeteringe op dié gebied te weeg te bring.

Reeds vroeg in sy bestaan het die Historiese Genootskap onder die inspirasie van prof W.J. de Kock vir 'n nasionale prentekabinet, 'n biografiese woordeboek en groter koördinerende van navorsing gepleit. Lede is aangemoedig om historiese manuskripte te versamel en aan die staatsargief te besorg. Blykbaar het nie veel belangrike dokumente-versamelings hulle weg na die argief via die Genootskap gevind nie.

Die Genootskap het hom ook vir restorasie en bewaring beywer en so 'n klein bydrae gelewer tot die groter waardering vir die stoflike nalatenskap t.o.v. geboue wat vandag bestaan. Die aankoop en restorasie van Boekenhoutfontein is deur die Genootskap geïnisieer, terwyl hy hom ook sterk beywer het vir die aankoop van Van Riebeeck se geboortehuis in Culemborg.

23) *Historia* 7/1, Maart 1962, pp. 31–38.

Hoewel die Genootskap self maar altyd 'n finansiële worstelstryd gevoer het en geen geldelike bydraes tot die oprigting van monumente kon lewer nie, het hy hom vir die oprigting van monumente beywer. Dr Van Tonder het persoonlik sy kragte met onuitputlike entoesiasme gewy aan die oprigting en versorging van monumente. Deur sy publikasies²⁴⁾ het hy hierdie monumente wyer bekendgestel. Ook in die organiseer van volksfeeste, veral Gelofte- en Krugerfeeste, het hy en die Genootskap aktief meegewerk. Skole en onderwysers is nie net aangemoedig om feeste te vier nie, maar is ook gehelp om dit te doen.

5. Slot

Hoewel die Historiese Genootskap sy belangrikste oogmerk nl. om Geskiedenis 'n verpligte skoolvak tot matriek te maak, nie bereik het nie, het hy ander belangrike positiewe resultate gelewer. Die vernaamste hiervan is die volgehoue en skerpsinnige aandag wat op kongresse, konferensies en in komitees aan skoolleerplanne en die aanbiedingswyse van Geskiedenis gegee is. Oor die jare is waardevolle en insiggewende kommentare oor leerplanne deur die Genootskap opgestel en aan onderwysowerhede voorgelê. Nuwe idees t.o.v. leerplanne soos bv. die groter aandag aan eietydse geskiedenis, het op byeenkomste van die Genootskap sy oorsprong gehad. Op streekskonferensies het onderwysers en dosente die geleentheid gehad om indringend oor onderrigsake samesprekings te voer en is belangrike motiverings- en voorligtingswerk oor die grense van die formele strukture van onderwysdepartemente heen, verrig. Die tydskrif HISTORIA het hierin ook 'n onmisbare rol gespeel.

'n Tweede belangrike bydrae van die Genootskap was die verdieping van vak-kennis deur navorsingspublikasies en referate wat in HISTORIA gepubliseer en by geleentheid van jaarkongresse gelewer is. Dit het des te meer 'n doel gedien omdat dit dosent en onderwyser bymekaar gebring het. Dit het 'n betrokkenheid by die vak meegebring en tot 'n verlewending van wedersydse dialoog gelei. Hierdie aktiwiteit was en is steeds 'n onmisbare stukkie lewensbloed vir hulle wat op watter wyse ookal by die vak betrokke is.

Die laaste groot bydrae van die Genootskap lê in die algemene kulturele verryking wat dit vir almal betrokke, gebring het. Vir die leerlinge van hoër- en laerskole het dit nuwe historiese ervaring en verryking gebring. Die Genootskap het vir hulle baie geleenthede geskep om aan historiese voorstellings en tablo's deel te neem, om hulle skeppende werk in druk te sien, om die klaskameraanbieding te verlewendig en om aan die versameling van museum- en prentemateriaal mee te doen. Die gereelde bekroning van goeie werk en die publisiteit wat daaraan verleen is, het gehelp om te verseker dat die leerlinge die vak as 'n dinamiese vak ervaar het.

Die aktiwiteite van en betrokkenheid by die Genootskap het sedertdien afgeneem. Die vernaamste rede hiervoor is stellig die onbetrokkenheid van die onderwysmense en die onttrekking van verskeie universiteitsmense aan die werksaamhede van die Genootskap nadat die Historiese Vereniging in 1965 gestig is. Dit is ook so dat daar vandag heelwat organisasies is wat op sekere spesialiteitsgebiede van die historiese terrein werksaam is. Die feit dat daar ook 'n Geskiedenis-kommissie van die Akademie en 'n Geskiedenis-komitee van die FAK bestaan, naas die departementele studiekommissie

24) *Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika*, onder dr Van Tonder se redaksie, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1961. *Veertig Boommonumente in Suid-Afrika*, Perskor, 1973; *Fotobeeld van 300 Monamente en Gedenktekens langs die Pad van S.A.*, Perskor, 1975; *Sewentien Perd en Ruiter-monumente van S.A.*, Perskor, 1971.

vir Geskiedenis, onderwysverenigings se Geskiedenis Komitees en die werkstudiegroepe vir onderwysers, laat tereg die vraag ontstaan of daar nog vir die Genootskap plek is.

Ten spyte van hierdie verskeidenheid organisasies is daar 'n dringende behoefte waarin die Genootskap moet en kan voorsien. Dit is om steeds die bymekaarkomplek van tersiêre, sekondêre en primêre onderwys en die praktiserende argivaris en museumbeampte vir sover hulle by die onderwys belang het, te wees. Daar is 'n noodsaaklike en dringende behoefte om dié groepe teen professionele isolasie te beskerm en 'n bevrugterende wedersydse kontak te bewerkstellig wat tot almal se voordeel sal strek. Om dit te bereik sal die Genootskap sy doelstellings wyer moet stel. Die Algemene Geskiedenis moet byvoorbeeld aktief betrek word, die artikels in HISTORIA moet ook op diens aan onderwyser en leerling gerig word en streeksbyeenkomste moet herleef.